Skriflesing: Hebreërs 4
Teks: **Hebreërs 4:14-16**
Heidelbergse Kategismus: Sondag 18
Sing- Ps. 68:9,15; Ps. 47:3,4; Ps. 100:1-4
Sondag 18 Kategismus
Hebreërs 4 (1933' 53 Vertl)

Heb 4:1 Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie.
Heb 4:2 Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.
Heb 4:3 Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.
Heb 4:4 Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus;
Heb 4:5 en nou hier weer: Hulle sal in my rus nie ingaan nie.
Heb 4:6 Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie,
Heb 4:7 bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.
Heb 4:8 Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie.
Heb 4:9 Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God;
Heb 4:10 want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne.
Heb 4:11 Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.
Heb 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.
Heb 4:13 En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het.
Heb 4:14 Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.
Heb 4:15 Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.
Heb 4:16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

Heidelbergse Kategismus Sondag 18

Vraag 46: Wat verstaan jy onder: wat opgevaar het na die hemel?
Antwoord: Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem en Hy is vir ons daar ten goede totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het.
Vraag 47: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie?
Antwoord: Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie, maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie.
Vraag 48: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?
Antwoord: Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig. Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid is.
Vraag 49: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?
Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is. Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem. Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie.

Skriflesing: Hebreërs 4
Teks: **Hebreërs 4:14-16**
Heidelbergse Kategismus: Sondag 18
Sing- Ps. 68:9,15; Ps. 47:3,4; Ps. 100:1-4

Geliefde broeder en suster, toe Jesus uit die graf opgestaan het, was geen mens teenwoordig nie. Dit was soos met die begin van die skepping toe daar nog geen mens was nie. Die Here het die graf uitgegaan. Die soldate wat as wagters by die graf dit sou kon sien, weet ons het die hasepad gekies. Veertig dae later vind die hemelvaart plaas. En lees ons Handelinge 1 oor die hemelvaart is die oë van die wat saam met Jesus op die Olyfberg was druk besig.

Vers 9 Handelinge 1 lees ons- *Hy is opgeneem terwyl hulle dit sien,* vers 10-*en toe hulle nog stip na die hemel kyk* vers 11 *Galilese manne, waarom staan ju11e en kyk na die hemel.* Hiertoe kom ook die belydenis as ons eerstens bely **dat Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem.**

Die volk Israel sou nooit kon dink dat die woorde wat hulle gesing het terwyl hulle die verbondsark teen die Sions heuwel opgedra het in werklikheid 'n profesie was wat met hemelvaart vervul is nie. In Psalm 47:6 hoor ons hulle sing - *God vaar op met gejuig, die Here met basuingeklank.* En Psalm 68:19 *U het opgeklim in die hoogte*. Die Seun wat as baba in die krip gelê het, is dieselfde Seun wat met gejuig opklim in die hoogte. Christus wou immers hê dat hulle met sy hemelvaart moet jubel, want soos Hy vroeër gesê het*: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan… maar as Ek weggaan sal Ek die Trooster na julle stuur.*

Lees ons Lukas 24 sien ons die dissipels het die voordeel besef, want net na die hemelvaart het hulle Hom aanbid en na Jerusalem teruggegaan met groot blydskap. Hulle was bly, want Jesus is opgeneem in heerlikheid. Christus se ontvangenis was immers 'n kom na die aarde in nederigheid waardeur Hy Homself moes verneder. Toe Hy met sy ontvangenis die hemel verlaat, was Hy sonder die menslike natuur. Toe was Hy nog nie die mensgeworde Seun van God nie. Met sy terugkeer is Hy opgeneem as die mensgeworde Seun van God. Hy het nou 'n heerlike onsterflike menslike natuur.

***

In die hoofstuk wat ons uit Hebreërs saamgelees het, word Hy ons Hoëpriester genoem (vers 14), *wat deur die hemele deurgegaan het.* As Hy ons menslike

natuur, uitgesonder die sonde, sou verloor kan Hy mos nie nou ons Hoëpriester wees nie. Dit is duidelik Christus na sy menslike natuur in die hemel is.

Hoe wonderlik dat die dissipel Johannes wat die dag met die hemelvaart saam met die ander dissipels Jesus sien wegvaar het, omtrent veertig jaar later weer vir Jesus kon sien. In die gesig wat aan hom op die eiland Patmos verskyn het, soos geskryf in Openbaring 1. Paulus het vir Jesus uit die hemel hoor praat. Stefanus roep in Handelinge 7 dit uit- *Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan.*

Dit is nie altyd maklik om alles te verstaan nie. Toe Jesus opgeneem is het Hy na die hemel opgevaar. Hy het van plek verander. Hyself het in Mattheus 26:11 nog gesê. *Want die armes het julle altyd by julle, maar My het julle nie altyd nie...* m.a.w. Hy sê dat Hy weggaan en Hy nie altyd by hulle sal wees nie. Wat dan van Mattheus 28:20? Daar het Hy weer gesê *Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.* Jesus sê dan duidelik dat Hy weggaan. Hoe kon Hy dan daarna sê Hy is met hulle en dan nog tot aan die einde van die wêreld. Is Jesus se eie woorde in spanning met mekaar?

Nee, geliefdes. Ons belydenis het met dieselfde vraag geworstel, toe die Lutherse Kerk hulle met 'n soortgelyke vraag konfronteer. Die Lutherane sê immers Jesus se mensheid kan nie ons menslike natuur wees nie, want sy mensheid is dan nou oral teenwoordig. As die vraag gestel word **of is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof let nie?** moet ons bely ***Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie, maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie.***

Christus is na sy mensheid, na sy vlees in die hemel. Hy is nie meer as mens in watter toestand ook al op die aarde nie. Hy het na die hemele deurgegaan staan in Hebreërs. In die Grieks word hier ’n woord gebruik wat daarop dui Hy het letterlik na die hemele beweeg, en die woord staan in die verlede tyd wat daarop wys Hy is steeds in die hemel.

Ons het bely, ***maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref gaan Hy nooit meer van ons af weg nie.*** Daarmee gryp die Lutherane na die volgende vraag. **Maar as die mensheid nie orals is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?** Dit is 'n belangrike vraag, want in dieselfde Hebreërboek staan in hoofstuk 13:8 *Jesus Christus is gister en vandag en tot in alle ewigheid dieselfde.* Daaruit moet ons aflei dat na die hemelvaart van Christus mag ons steeds nie sy menslike natuur van sy goddelike natuur skei nie. Wil ons belydenis dan die mensheid van sy Godheid skei? Ons bely- ***Nee, glad nie. Die godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is oral teenwoordig. Die Godheid is wel buite sy aangenome mensheid, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.*** Daarom kon Hy vir sy dissipels aan die einde van Mattheus 28 sê : *Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.* Ook kon Hy sê - *Ek sal julle nie as wese agterlaat nie, Ek kom weer na julle toe.*

En as ons Hebreërs lees sien ons die eerste lesers het hulle soos weeskinders gedra. Hulle was al die tweede geslag van christene, want soos die skrywer in hoofstuk 5:12 sê *vanweë die tyd moes hulle al leraars wees,* maar dan lees ons hulle is nog soos kinders, soos verwese babatjies want sê die skrywer vir hulle .... *julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie.* Mense wat in gevaar tyd hulle geloof met melk wil voed sal 'n groot tekort ly, want in hoofstuk 12 lees ons hulle het 'n stryd op hande wat ten bloede toe kan uitloop. En uit die geskiedenis weet ons hoeveel christen bloed het gevloei op die stadium toe keiser Nero aan bewind was.

Ten spyte van die gevare moet die skrywer nog steeds daarop hamer - (vers 12 - hoofstuk 12)- *Daarom rig die slap hande en die verlamde knieë weer op en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liewer gesond gemaak word.*

So klink die Woord tot mense wat besig is om in die geloofstryd uit te sak. Blykbaar ook teleurgestelde mense, want hulle wou graag soveel meer van die heerlikheid van die verhoogde Koning nou reeds op aarde sien. Hulle was blind vir die goeie van die hemelvaart van Christus.

So het ons ook bely- ***Hy is vir ons in die hemel ten goede, totdat Hy weer kom om die lewendes en die dooies to oordeel.*** En in vraag 49 as ons die ten goede in sy volheid bely, en ons hart die praatwerk doen, glo ek staan ons almal verleë. Net soveel, of dalk nog meer as die jonge geslag Hebreër christene.

Ons, baie meer geslagte verder as die christene met hulle Joodse agtergrond, moet nog steeds kan bely, ***Christus, Hy wat in die hemel opgeneem is- Hy bewerk vir ons daar die goeie.*** Die skrywer vermaan ons in hoofstuk 4: *...laat ons die belydenis vashou* (die belydenis van die verhoogde Christus). Vers 14 begin met *ons het… ons besit 'n groot Hoëpriester wat deur die hemele deurgegaan het,* en die oproep laat ons vashou. Ons wat het moet vashou wat ons het.

***

Die skrywer van Hebreërs maak aan ons bekend watter ryke skat ons in die hemel het, deur die Ou Testamentiese priesterdiens in herinnering te roep. In die Ou Testament het die Levitiese hoëpriester vir die volk Israel versoening gedoen deur ook in te gaan. Hy het in die allerheiligste van die tempel ingegaan of ons sou kon sê deurgegaan. Niemand van die ander mense mag verby die gordyn in die allerheiligste deel van die tempel waar God alleen woon deurgekom het nie. Die hoëpriester bring dan die offerbloed in die allerheiligste deel van die tempel en sprinkel dit op die ark. So het hy dan vir die volk versoening gedoen. Die aardse hoëpriester moet ons onthou was ook 'n sondige mens en moes hy ná sy werk dadelik weer uit die allerheiligste deel van die tempel uitgaan. Alles is nog tydelik, en staan onder die skaduwee van om waarlik met God versoen te wees.

Toe kom Christus ons groot Hoëpriester, groot, omdat die ander hoëpriesters deur hulle sonde klein is. En na Hy Self as offer geslag is, gaan Hy met sy bloed ook deur 'n gordyn, nie die tempelgordyn nie, maar die wolkegordyn. Hy gaan met sy bloed in die allerheiligste deel...die hemel gaan Hy binne om die bloed wat Hy vir ons gestort het voor die oë van sy Vader te sprinkel. En ánders as die hoëpriester in die ou tyd kom Jesus as mens sonder sonde nie dadelik terug nie. Hy bly by die troon van die Vader om die priesterdiens te verrig. Hy kan dit doen omdat Hy die Seun van God is.

Hy doen dit vir ons ten goede. Vers 15 begin die goeie te beskryf van die Hoëpriester wat ons het. *Want ons het nie 'n Hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.* Hy ken die swakheid van ons vlees. Hy het in Getsémané aan sy dissipels gesê dat die vlees swak is (Matt.26:41). Hy kan met ons swakhede medelye hê, of soos dit direk in die Grieks staan waarvan ons Afrikaanse woord afgelei is - Hy kan met ons *"simpatiseer"*.

As ons dan bely wat die nut van die hemelvaart van Christus is, sê ons dat Hy **ten eerste in die hemel ons Voorspraak by die Vader is**. 'n Voorspraak wat die Vader aan ons gegee het, want soos in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 26 staan - **Toe God Hom as Voorspraak aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars is.** Die Voorspraak is ons Advokaat voor God. Hy behartig ons saak. Geen ander advokaat is daar wat ons so kan help nie. Vers 16 sê - *Laat. ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan ...* Hy gee aan die troon van God 'n nuwe naam. Ons gaan nie na die troon van oordeel en gerig nie, maar na die troon van genade. En die *gaan* is in die Grieks dieselfde word wat gebruik om die nadergaan van die priester voor die aangesig van God te beskryf.

Soos die priesters in die Ou Testament vir die volk genade en barmhartigheid voor God moes verkry, is ons nou elkeen priester wat na die troon van genade kan gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

So moet ons dan die belydenis verstaan dat toe Christus die vleesgeworde Woord die hemel ingegaan het, het Hy terselfdertyd ons menslike natuur in die hemel ingedra. Ons het in Hom ons vlees in die hemel. Hebreërs 7:25: *Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.*

Laastens het Christus se hemelvaart vir ons die nut **dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur, deur wie se krag ons soek wat daar bó is waar Christus aan die**

regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie. Christus het Self met geleentheid gesê *Waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hulle midde.* Die twee of drie wat in sy Naam vergader, soek deur die krag van die Gees van God die dinge wat daar bo is waar Christus aan die regterhand van God sit. Die volgende deel van ons belydenis handel spesifiek oor wat dit beteken dat Jesus aan die regterhand van God is. U kan dit in Sondag 19 verder nalees.

Hoe wonderlik om te mag weet deur sy Heilige Gees is Christus nou alomteenwoordig. Christus het deur sy hemelvaart begin om die hemel sowel as die aarde met sy meer teenwoordige krag to regeer. In Efesiërs 4:10 sê die Here by monde van Paulus ook: *Hy wat neergedaal het is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.*

Ons bely in die laaste sinnetjie dat ons **deur die krag van die Gees nie soek wat op die aarde is nie.** Hiermee bely ons nie dat ons aardse lewe nie belangrik is nie. Dat ons nie met aardse dinge besig moet wees nie. Heeltyd is hier die geleentheid om nuwe lappe op nuwe klere te werk. Heeltyd moet die volmaakte wyn die nuwe lewe van ander inkom.

In vraag 46 kom ons hiertoe deurdat ons bely dat Christus is vir ons ten goede in die hemel totdat Hy weer kom om oor die lewendes en die dooies te oordeel. En sy oordeel sal handel oor wat ons op die aarde gedoen het, ...of dalk nie gedoen het nie!

Daarom moet ons op die regte tyd gehelp word. Broeders en suster, die regte tyd is nog vandag. Moenie na môre wil uitstel nie. As Christus weer kom oordeel Hy oor die wat dood is, maar ook die wat lewe. Daar sit baie daarin opgesluit as die engel sê- *hierdie Jesus sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.*

AMEN.